

# DIE SKIETLOOD



Uitgawe 127 - 12 Januarie 2018 saam  
met Koersvas 127

NGB ARTIKEL 15

## DIE ERFSONDE

**Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word, Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navelgolving ontstaan nie.**

Die erfsonde is waarskynlike een van die grootste stene des aanstoots in die oë van die wêreld. Daar is diegene wat selfs stel dat die kerk “geen bemerkbare produk” het sonder hierdie leerstuk nie. Binne die Christelike geloof is daar ook

nie eensgesindheid oor hierdie saak nie. Daaroor sal daar in hierdie artikel meer gestel word. As begin vir die gesprek oor hierdie artikel van die NGB is dit nodig om die lesers te herinner dat die NGB, soos ook van die ander belydenisskrifte, polemies van aard is. Die Roomse kerk se leer aangaande die doop en die sonde was deels die agtergrond tot die opstel van hierdie artikel van die NGB. Dit beteken nie dat ons die NGB en in die besonder Artikel 15 eenkant kan skuif omdat dit “bloot polemies” van aard is nie.

Die polemiese aard moet juis dien as agtergrond tot 'n ernstige interpretasie van die saak van erfsonde. Daarmee saam moet ons die artikel ook binne die groter inhoudelike konteks van die NGB verstaan. Die vorige artikels (tot 13) het gehandel oor die skepping en die feit dat God alles goed geskep het. Artikel 14 handel oor die skepping van die mens en die oorsprong van sonde. In aansluiting met vorige artikels word eerstens bevestig dat die mens ook goed geskep is. Die oorsprong van sonde en die slegte van die lewe kom teen hierdie agtergrond van 'n goeie skepping duidelik aan die orde, ons sien tog die verval, ons ervaar dit in ons eie lewens. Indien God alles en almal goed geskep het, waar kom die bose vandaan?

Om die konsep van erfsonde in die 21e eeu Skrifgetrou aan te bied, is 'n uitdaging wat met 'n duidelike voorbehoud aangepak moet word: Die konsep van erfsonde is soos baie ander konsepte 'n geheimenis wat nie tot in die fynste



besonderheid uitgepluis kan word nie. Die feit dat die leerstuk nie in detail uitgepluis kan word nie omdat daar te veel geheimenisse is, maak nie dat ons die onderwerp kan vermy nie.

Adam het ons in sonde en verval gedompel toe hy God se enigste gebod willens en wetens oortree het. God het die gebod van lewe gegee: *“Eet van alles behalwe hierdie een vrug.”* Deur die gebod van lewe te oortree, het Adam die dood in die skepping ingebring. Hy het die sonde en dood in hierdie wêreld ingebring. Na die skepping het Adam in ‘n “natuurlike verhouding” met God gestaan. Hy het direk met God gepraat en was ten volle by magte om God te gehoorsaam. **Die skepping is die produk van God se liefde en die mens se verhouding met God was ook die produk van hierdie liefde.** God se genade kom ook uit God se liefde, maar het na vore getree na aanleiding van die sondeval. God was nog altyd genadig, maar voor die sondeval was dit liefde en nie genade nie wat die verhouding bepaal het. Na die sondeval het die liefde in die manifestasie van God se genade na vore gekom.

**Menslike broosheid is nie die oorsprong van die sonde nie, die sonde is die oorsprong van menslike broosheid.** Wat beteken dit? Onde is meer as net aksies. Dit is een van die redes waarom die Christelike geloof nie fokus op ‘n sisteem van etiek nie. Dit is nie in die etiek waar versoening waarlik ter sprake gaan kom nie. Genade en versoening kan nooit aan menslike prestasie gemeet word nie. Ons fokus is op die versoening wat God vir ons **en** die skepping bewerkstellig het. Enige fokus op versoening moet ongelukkig begin by

die rede vir die noodsaak van die versoening. Calvin (Boek II, Hoofstuk I, 8) tref op die spoor van Paulus ‘n onderskeid tussen natuur en daad. Eersgenoemde is die saad en laasgenoemde die vrugte. Ons lees in Galasiërs 5:19 *“Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid,”* wat in hierdie konteks vrugte impliseer.

Die sondeval was die oorsprong vir die noodsaak van versoening. God herstel dit wat gebreek is. Die sondeval was met ander woorde inhoudelik meer as net ‘n enkel insident in die geskiedenis van die heelal. Tog is dit opmerklik dat al die groot insidente in hoeveelhede van EEN geskied. Daar was een skepping, een sondeval, een Verlosser, een Kersfees, een kruisdood, een opstanding, een herskepping, een Hemelvaart en die belofte van een wederkoms. Net soos die oersonde aan een Adam toegeskryf word as verteenwoordigend van ons almal, word versoening bewerkstellig deur een CHRISTUS as verteenwoordigend van ons almal. Net soos sonde deur een mens in die skepping ingebring is, net so is die sonde deur een Persoon oorwin en is ‘n herskepping bewerkstellig. Romeine 5:19 *“Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.”* Hierdie perspektief op die erfsonde (oersonde of oorspronklike sonde) word deur baie nie in ag geneem nie.

Twee gevare wat by die interpretasie van hierdie saak in ag geneem moet word, is die biologiese perspektief en die historiese perspektief. Beide ‘n

biologiese- en 'n historiese benadering tot sonde gaan tot gevolg hê dat die mens alle skuld kan ontken of die leerstuk kan verwerp. Enige benadering wat 'n fatalisme ten opsigte van die sonde onderskryf, aanvaar die konsep van erfsonde as 'n historiese of biologiese gegewene.

Aanhangers van Pelagius en ander wat die mens as wesenlik goed (of sondeloos) verstaan, verwerp die konsep van erfsonde. Deur die eeue het gelowiges met die interpretasie van hierdie saak geworstel.

**Augustinus** het die ortodoksie van die leer aangaande erfsonde gehandhaaf. Hy het die ortodoksie van die leer van die erfsonde geformuleer in sy geskifte tydens sy stryd met Pelagius oor die manse dwaling. Augustinus het die term erfsonde gebruik om die noodwendigheid, die onvermydelikheid, die onontkombaarheid van die sonde te beskryf. Augustinus het die term erfsonde gebruik om die persoonlike en blywende verantwoordelikheid van die mens te beklemtoon. Hy het met ander woorde die sonde as wesenlik tot elke individu aangedui. Sy terminologie het ten doel gehad om elke individu tot verantwoording te roep, dit terwyl Pelagius die individu 'n weg tot vermyding ten opsigte van sondebeseft aangebied het.

**Luther** het erfsonde die hoofsonde genoem. Daardeur wou hy aandui dat verskillende oortredings die meervoudige manifestasies en vrugte is van die SONDE.

**Calvyn** verstaan erfsonde as die verdorwenheid van die mens. Hy redeneer (Boek II, Hoofstuk I, 5) dat Adam

se eenmalige optrede die ganse skepping se aard omvergewerp het. Die hele orde in die skepping is deur Adam se ongehoorsaamheid op sy kop gekeer. Sy optrede het geregtigheid, waarheid en heiligheid omgedolwe na ongeregtigheid, onmag en blindheid. Dit is in hierdie toestand wat die mens gebore word. Hierdie misvorming van die natuur is wat die ou mense erfsonde genoem het. Dit het daartoe gelei dat Pelagius eers gestel het dat Adam net tot sy eie nadeel gesondig het, maar toe hy deur Skrif getuienis oortuig is dat die sonde deur een ingekom het en aan almal oorgedra is, het hy van standpunt verander. Hy het gestel dat sonde deur navolging van die ouers se voorbeeld erfsonde is, en nie deur voortplanting nie. Die debat gaan met ander woorde deels oor die effek van die oortreding deur Adam. Calvin het Pelagius se benadering dwaling genoem. Daar is in wese drie benaderings tot die saak.

**Pelagius** het gestel dat Adam se oortreding het geen effek op die menswees van sy nasate gehad nie. Dit was deur Adam se sondige optredes dat sy nasate ook leer sondig het. Dit beteken eintlik dat 'n mens kan ophou sondig, sou die mens so kies. In antwoord hierop kan ons verwys na teksgedeeltes soos Efesiërs 2:1-2 "*Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.*"; Matteus 15:18-19; "*Maar wat by die mond uitkom, kom uit die hart, en dít is die dinge wat die mense onrein maak. Uit die hart kom*

*slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpraterij.” Romeine 7:23; “maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.”*

**Arminianisme** leer dat die mens net die geneigdheid tot sonde geërf het. Hierdie geneigdheid word dan die sondige natuur genoem. Dit beteken dat die mens van nature sondig, net soos die hond van nature blaf. Die mens kan nie uit eie oorweging ophou sondig nie, maar God se genade maak dit vir die mens moontlik om op te hou sondig. Volgens Arminianisme gaan ons net vir ons eie sondes toerekeningsvatbaar gehou word, en nie vir Adam (erfsonde) se oortreding nie. Hierdie standpunt hou nie rekening met teksgedeeltes soos die volgende nie: 1 Korintiërs 15:22 *“Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.”* ; Romeine 5:12-18 *“Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het. ... Deur die oortreding van een mens het baie gesterf, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk. ... Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vrypraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer. Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense,*

*so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vrypraak en lewe vir almal.”* Psalm 51:7 *“Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het.”*

**Calvinisme:** Calvinisme leer dat Adam se oortreding nie net op ons neerkom nie, maar dat ons ook ons eie skuld voor God het. Twee verklarings word aangebied vir die gedagte dat God Adam se sonde aan ons toereken. Die eerste is dat die menslike geslag in saad-vorm in Adam aanwesig was toe hy oortree het en daarom is ons ook toerekeningsvatbaar (vergelyk Hebreërs 7:9-10 *“'n Mens kan sê dat ook Levi, wat tiendes invorder, deur Abraham aan Melgisedek die tiende gegee het, want Levi was nog in die liggaam van die stamvader toe Melgisedek vir Abraham tegemoet gegaan het.”*). Die ander benadering stel dat Adam as verteenwoordiger van alle mense verstaan moet word, en daarom ook ons verteenwoordig het. Wat ookal die oorsprong en rede vir die sonde wat ons is, die belangrike is om te weet dat ons in ons stryd teen sonde net in ons steun op Christus deur die werking van die Heilige Gees kan steun.

Drie sake word in Artikel 15 aangeraak. Die eerste saak wat beskryf word, is die verdorwe aard van die sonde en die gedagte dat almal deur Adam besmet is. Die tweede saak is die aanspreek van die Roomse gedagte dat die doop ingegote genade is wat die mens se aard verander en die derde saak is die verwerping van die leer van Pelagius.

Soos gebruiklik, gaan die NGB artikel in **vetdruk** wees met die kommentaar in gewone drukskrif.

**Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem.**

Dit sou 'n fout wees om die verwysing na Adam se “ongehoorsaamheid” as volle aanduiding van die aard van sonde te verstaan. Daar word letterlik volumes boeke oor die harmartologie (Leer van sonde; afdeling van die teologie wat oor sonde handel) geskryf. Die verwysing in Artikel 15 is net na daardie eerste oortreding van Adam. Hierdie een daad het inderdaad kosmiese implikasies gehad – gevolge wat alles en almal geraak het. Calvyn se verwysing na die skeppingsorde wat omgekeer is, onderstreep hierdie punt. Artikel 15 van die NGB het die natuur van die mens in gedagte. Die res van die Skrif ondersteun die standpunt dat ons hierdie verwysing na “die hele natuur” ook op die res van die skepping kan toepas. Nie net die hele natuur en die hele mensdom word geraak nie, maar ook die hele bestaan van die mens. (Psalm 51:7).

Die leerstuk word nie deur die modernisme se benadering ondergrawe nie. Diegene wat die skeppingsverhaal as mite of legende verstaan op grond van histories-kritiese oorwegings, kan met die betekenis van die verhaal steeds saamstem. Die mens se diepste wese

word ontbloot in die verhaal wat ons in Genesis 1 en 2 terugvind.

Die hele mensdom is ingesluit by hierdie verstaan van die mens se vervlegtheid met sonde en dit is rede genoeg vir die mensdom om deur God verdelg te word. Was daar geen ander sake of faktore om in ag te neem nie, sou dit beteken dat die mens as veroordeelde voor God lewe, sterwe en dit is die einde van die storie.

**Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word.**

God se genade is die antwoord op hierdie krisis in die mens se bestaan. Sy genade maak dat die mens die sonde nie toegereken word nie. Al bly die mens sondaar, God vergewe en die mens kan in dankbaarheid lewe. In antwoord op die Roomse kerk se lering van “gratia infusa” – ingegote genade – stel die NGB baie duidelik dat die doop nie die mens sondeloos maak nie. Die Roomse denke is bepaal deur 'n semi-Pelagianisme en 'n besondere verstaan van die doop. Die Roomse kerk het geglo dat 'n mens na sy diepste wese verander word tydens die doop en dat die mens deur die doop tot geredde mens omskep word. Die doop is

verstaan as 'n middel waardeur genade in die mens ingegiet is. Hierdie benadering kan illustreer word deur die Roomse kerk se sending pogings in Suid-Amerika. Die inboorlinge is gekatkiseer en selfs gemartel totdat hulle gesê het dat hulle glo. Hulle is dan gedoop en dan het die kerk geen verdere bemoeienis met hulle gemaak nie. Die mense is dan mos danig gered. Dit is waarskynlik deel van die rede vir die vele ketterye wat in veral die Suid-Amerikaanse Roomse kerke gevind kan word.

**Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.**

Daar is reeds verwys na hierdie dwaling. Dit is dwaas om sonde te wil onderskat. Sonde is wesenlik eie aan die mens, dit is baie meer as bloot navolging van die voorbeeld wat aan ons gestel word.

Die leerstuk aangaande die erfsonde is 'n ingewikkelde saak. Die menslike argumente stuit voor die logika van die besware. Indien dit nie regverdig is dat ons in Adam se oortreding ingereken word nie, is dit ook nie regverdig dat ons in Christus se versoenende kruisdood by God se genade ingereken word nie. Die sleutel tot die handhawing van die leerstuk kan in die individualiteit van elke mens teruggevind word. Eerlike self-ondersoek bring die mens by die punt dat hy besef dat hy sondaar is, dit sal bly en dit beslis was, van geboorte af. Saam met Dawid kan ons die woorde van Psalm 51 herhaal dat ons voor ons geboorte reeds skuldig is voor God. Ons kan ons nie 'n sondelose bestaan indink nie. Ons

bestaan en die sonde is so vervleg dat dit ons volle menswees besmet. Die punt van die leerstuk is nie om ons skuld verplasing te fasiliteer nie, maar om ons te laat besef wat die aard en omvang van ons sondige wese is. Slegs dan kan ons waardering begin kry vir God se ingrypende genade.

Die sonde en erfsonde moet nie kousaal (histories of biologies) aan mekaar verbind word nie. Die Bybel dui nooit op sodanige kousale (oorsaak en gevolg) band nie, sodanige kousale band sal optredes telkens reduceer tot oorsaak en dan is die gevolgtrekking dat die mens onskuldige slagoffer van sy ingebore natuur is. Ons sien dit in die vele regverdigings van optredes deur te verwys na genetiese disposisie.

Die Bybel verwys nie na sonde as 'n toestand nie. Die sonde bly 'n persoonlik verantwoordelike daad waaraan die mens skuldig is. Adam se daad is met ander woorde nie die oorsaak van ons sondes nie. Eensydige klem op sonde as daad kan daartoe lei dat mense verkeerdelik sonde vervlak tot 'n stel reëls. Die leer van die erfsonde is daarop gemik om ons daarop attent te maak dat ons in ons hele menswees ons rug op God keer, dat ons onself afwend van God. Elke dag doen die mens dit op nuwe maniere, bevestig die mens sy keuse om self god te wil wees.

Ons sou kon kies vir 'n ander term om die totale sondige afwending van die mens te beskryf. Deur die eeue was hierdie term "erfsonde" gebruik. Die uitdaging is om dit telkens in elke nuwe geslag sy betekenis te laat kry soos dit vanuit die Skrif afgelei is.